

## **Sondag 28 Mei**

**Skrifgedeelte: Genesis 11:1-9; Handeling 2:1-4**

**Fokusgedeelte: Handeling 2:4**

### **Die Gees dra die evangelie in verskeie tale tot die uithoeke van die wêreld**

As die mens vir hom/haarself naam wil maak ... Die metodes vandag verskil, die doel bly dieselfde: vir my 'n naam maak. Die resultaat is so dik-wels 'n "Babelse verwarring". Hulle kon mekaar nie verstaan nie. En hulle gaan uitmekaar. Hulle word later vyande van mekaar.

As God self deur sy Gees werk, is die resultaat soveel anders. Met die uitstorting van die Gees begin die gelowiges in ander tale praat. Vreemde tale. Nee, hierdie is nie die sogenaamde "spreek in tale" in glossolalie nie. Daarvan sê die Gees deur Paulus in 1 Korintiërs 14:2 en 4 dat niemand dit verstaan nie en dat jy daardeur net jouself opbou. Baie in Jerusalem het nie verstaan wat aan die gang is nie, want elkeen hoor dan die evangelie in sy eie taal (Hand. 2:6).

'n "Babelse verwarring"? Allermens. Nou moet die evangelie oor die wêreld verkondig word. Dit is immers die opgestane Here Jesus se opdrag (Matt. 28; Mark. 16; Luk. 24). Aan die mense gee die Gees die taal waarin hy/sy die goeie nuus sal uitspreek. Die Gees begin in Jerusalem, dan na die provinsie Judea, na die aangrensende Samaria, tot in die uithoeke van die wêreld (Hand. 1:8).

Hierdeur bring die Gees mense bymekaar, in die kerke wat saamkom. Hierdeur bewerk die Gees die versoening van Christus: versoening met God, versoening met mekaar. Sodanig, watter taal jy ook praat, almal dieselfde Woord kan hoor en verstaan: die evangelie van verlossing.

*Sing: Psalm 96:1, 2 (1936)*

*Ds. CA (Carel) Jansen (Secunda)*